SA GEMEENTE
SA CONGREGATION




**I serve a God of fresh Starts and new Beginnings.**
**2 Cor 5:17**

# Tema vir die Maand
# IN die Begin

In die begin was die Woord daar en die Woord was by God en die Woord was self God. In die begin het alles in Hom tot stand gekom. In die begin het God duidelik gemaak Wie Hy is.

In Kerstyd het die Lig van God mense gelei om in die stal in te gaan, en by die Kind Jesus neer te buig. In die stal is ‘n Koning gebore en in geloof en oortuiging het mense ingegaan om hulde aan Hom te bring.

Oor ses dae begin Epifanie met 'Drie Konings Sondag'. In hierdie tyd gaan ons stilstaan en leer van die lewe van ons Here in hierdie wêreld tussen mense. In geloof gaan ons saam in Sy spore stap na Paasfees.




In geloof gaan ons sien en hoor hoe Hy, die Seun Van God, in ons plek gekruisig is en opgestaan het, sodat elke gelowige kind by God kan ingaan vir die hemelse feesmaal.

In die begin van 2023 wil ek jou nooi om in te klim in jou geloofsreis en om in God te leef.

Sien jou een van die dae!
Andrè

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Maandelikse Bybel Bespreking

## *IN die Begin.*

Ons staan vandag in die begin van ‘n nuwe jaar. ‘n Nuwe dag wat aanbreek, terwyl die vorige nag baie vêr weg voel, alhoewel dit skaars ‘n oomblik gelede nog die hede was.

In die begin van ‘n nuwe jaar is ons gevul met Hoop. In baie opsigte voel dit soos ‘n nuwe begin. 'n Begin waarin die verlede nie ons toekoms beïnvloed nie.

Die woordjie “in” is een van die eerste woorde wat kinders leer. In beide Afrikaans en Engels gebruik ons dit onwetend. 'Google' poog nie om die Afrikaanse woord te definieer nie. Tog dra dit soveel betekenis, want dit dui ‘n mate van betrokkenheid en intimiteit aan. In die Handboek van die Afrikaanse Taal (HAT) vind ons dat byna ‘n volledige bladsy bestee word om die betekenis en verskillende gebruike van die woordjie te verduidelik.  ‘n Sinoniem is om “naby” te wees; en ‘n antoniem is “op ‘n afstand”. In konklusie beteken IN “om nader te kom, te beweeg; en om binne in te gaan”.

Wanneer ons IN geloof in God se liefde en genade leef,  wys dit duidelik die nabyheid van God in ons lewens. Dit dui aan dat Hy deel van ons daaglikse omgang is en betrokke is in dit wat ons dink, doen en beplan. God se Gees is in ons en in Hom pak ons elke dag aan.

As gemeente, gelowiges en mense is ons vleeslik en geestelik in wese.

In die begin van 2023 wil ek jou verder in-nooi. Kom rus jouself toe om in geloof in die komende jaar te leef.

Kom word opnuut bewus van God in jou lewe en jou lewe in God.

Voorspoedige Nuwe jaar!
Andrè Harmzen

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

## IN HIERDIE UITGAWE


SEËNWENSE VIR 2023
MUFFIN MADNESS
JUGGLING BALLS
KERSSANGDIENS 2022- TERUGBLIK
RESEP VAN DIE MAAND
KRY JOU GOEIE WENSE REG
DOELWITTE VIR JANUARIE
KONTAK ONS


# Seënwense vir 2023

Ek seën jou:

- met die vreugde van guns in God se oë en ook in die oë van ander.
- met mense wat om jou inskuif en jou hande oplig en 'n pad saam met jou begin stap.
- met goddelike vriendskappe, mense wat jou sal aanmoedig, en jou droom met jou sal deel.
- met 'n sagte hart, 'n hart vol liefde.
- met God se wysheid in elke besluit van jou lewe.
- met God se leiding, Sy guns en Sy genade oor jou.
- jou talente, jou gawes en jou verhoudings.
- jou finansies, jou besigheid en jou denke.
- jou gees, jou siel en jou liggaam.
- jou lewenstaak met vreugde, harmonie en liefde.
- jou gesin, familie en jou drome.
- jou om jou ware identiteit te vind in Christus.
- jou met die wete dat jy 'n Vader het wat jou innig lief het, dat niks wat jy kan doen Hom liewer kan maak vir jou nie, ook nie minder nie.
- jou om daagliks Sy voorsiening te beleef, Sy totale beskerming en Sy doel vir jou lewe.




Ek seën jou met die wete dat niks in jou lewe, verlede of toekoms jou kan skei van die liefde van God nie.

"Die Here sal jou seën en jou behoed; Die Here sal Sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees; Die Here sal Sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee"

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION



# 'Muffin Madness'

22 JANUARIE 2023

KOM KUIER SAAM
DIREK NA ONS EERSTE EREDIENS.
ONS BEGIN DIE JAAR OP 'N HOË NOOT!
DAAR GAAN HEERLIKE MUFFINS WEES.

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Juggling Balls

Imagine life as a game in which you are juggling five balls in the air.

You name them – work, family, health, friends and spirit and you're keeping all of these in the air. You will soon understand that work is a rubber ball. If you drop it, it will bounce back.
But the other four balls – family, health, friends and spirit are made of glass. If you drop one of these, they will be irrevocably scuffed, marked, nicked, damaged or even shattered. They will never be the same. You must understand that and strive for balance in your life. How?

- Don't undermine your worth by comparing yourself with others. It is because we are different that each of us is special.
- Don't set your goals by what other people deem important. Only you know what is best for you.
- Don't take for granted the things closest to your heart. Cling to them as you would your life, for without them, life is meaningless.
- Don't let your life slip through your fingers by living in the past or for the future. By living your life one day at a time, you live ALL the days of your life.
- Don't give up when you still have something to give. Nothing is really over until the moment you stop trying.
- Don't be afraid to admit that you are less than perfect. It is this fragile thread that binds us each together.
- Don't be afraid to encounter risks. It is by taking chances that we learn how to be brave.
- Don't shut love out of your life by saying it's impossible to find. The quickest way to receive love is to give; the fastest way to lose love is to hold it too tightly; and the best way to keep love is to give it wings.
- Don't run through life so fast that you forget not only where you've been, but also where you are going.
- Don't forget that a person's greatest emotional need is to feel appreciated.
- Don't be afraid to learn. Knowledge is weightless, a treasure you can always carry easily.
- Don't use time or words carelessly. Neither can be retrieved. Life is not a race, but a journey to be savored each step of the way.

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Kerssangdiens 2022







**Blessed are those
who mourn,
for they
will be comforted.
Matthew 5:4**





'O, Die goeie tyding!'

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Kerssangdiens 2022









## He heals the brokenhearted and bind up their wounds. Psalm 147:3





SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Kerssangdiens 2022















'U woord is 'n LIG vir my voet
en 'n lamp vir my weg.'
Psalm 119: 105 afr'53

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Kerssangdiens 2022

'In die stad van koning Dawid'















SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Kerssangdiens 2022







**Dankie aan Francois en Hudson vir die heerlike ete. 'Flame BBQ'**





*'Al was ek nie daar nie!'*

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Kerssangdiens 2022

BAIE BAIE Dankie aan almal
vir jul amazing bydrae
aan die Collierrow/Romford foodbank.

Dankie aan Henk en Alinka de Bruin wat dit vir ons na die foodbank toe geneem het.

Daar is 149.55 kg se produkte ingesamel!!!











Baie dankie Juanita Hollway
wat die jaar vir ons die spesiale
Kerskaartjie gemaak het.

Mag jou Feestyd vol
vrede, vreugde,
voorspoed en lewenslig
wees.

Geseënde Kersfees
en voorspoedige 2023!
André en Ena

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Resep van die Maand

## Vinnige een skottel Salm met Groente

(Vereenvoudig uit 'The Quick roasting tin'  van Rukmini Lyer)



Bestanddele:
650-700g klaar gesnyde butternut/ soet patat/ kombinasie.
(Jy kan reeds voorbereide pakkies koop)
1 Eetlepel olie
1 Teelepel Cumin
halwe teelepel sout
400g kersie tamaties
1 Ui rofweg gekap
4 Stukke salm
'Hoisin sauce'(opsioneel)

Metode:
Verhit oond tot 210 C (waaier) /gas 8.
Meng butternut met olie, cumin en sout.
Skep uit op 'n bakplaat, wat bedek is met waspapier.
Bak vir 10 minute in die oond.
Haal bakplaat uit.
Voeg die tamaties en ui by en maak spasie vir die 4 stukke salm.
Geur salm met sout en peper of smeer met Hoisin sauce en plaas tussen die groente.
Draai oond temperatuur af na 180 C (waaier) /gas 6.
Plaas bakplaat terug in die oond vir 20 minute.
Bedien met vinnig opgekookte brococoli.

*Baie dankie Marlize Gray vir die deel van jou staatmaker resep!*

SA GEMEENTE

SA CONGREGATION

# Kry jou goeie wense reg.....

Erkenning dagblad Beeld– Stephan Joubert

Dit is mooi en reg om goeie wense met mekaar te deel.

Vat maar daardie bekende uitdrukking: “Ek wens jou die beste toe.” Of daardie mooi woorde tydens verjaarsdae: “ek wens jou ’n geseënde nuwe lewensjaar toe.” Om dit vir iemand toe te wens, is die regte etiket, maar soms moet ons meer doen as om net goeie wense met mekaar te deel.

Hoe doen jy goeie wense anders?

Wel, in plaas van een van die normale goeie wense, kan jy dalk vir iemand vra wat kan jyself doen sodat hulle gedurende ‘n volgende lewensjaar die Here se seën en nabyheid nog meer tasbaar ervaar...

Of jy kan vra wat hulle nodig het wat sal bydra tot hulle eie groei in Here, en in hulle menswees...

Of jy kan ’n week of twee nadat jy ’n goeie wens met iemand gedeel het kontak maak en vra of dit alreeds ’n geseënde nuwe jaar is soos wat jy hulle toegebid het.

Dan doen jy goeie wense meer konstruktief in ’n paar mense se lewe, en ook meer opbouend.

*Mag ons elkeen IN 2023 goeie wense op 'n ander manier doen...*

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# KALENDER

1 JANUARIE HUISKERK 9 UUR

8 JANUARIE HUISKERK 9 UUR

15 JANUARIE HUISKERK 9 UUR

22 JANUARIE EREDIENS 9 UUR

29 JANUARIE HUISKERK 9 UUR

## Doelwitte vir Januarie

Lees elke dag jou Bybel
Bid daagliks vir ander mense
Groei in jou geloof
Plaas God eerste in elke besluit wat jy neem

## Gebedslys vir Januarie

Bid vir:
Alle mediese personeel
Elke besluit wat jy gaan neem
Siek mense in ons Gemeente

**Prayer:**

*Dear Lord, thank you for showing me that when I love others more, I feel your presence. Amen*

(C) SA GEMEENTE NOORDWYK • JANUARIE 2023

# SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

## Kontak Andre Harmzen



Andrè Harmzen
16 Baldocks Road
Theydon Bois
CM16 7EB
Epos: andre@sagemeente.com

**Kontak ons:**
**Webblad:** noordwyk.sagemeente.com
**Facebook Blad:** SA Gemeente Loughton

**Erediens Tye**
Ons Eredienste is elke 2de en 4de Sondag van die maand om 09:00

**Adres:**
Theydon Bois Village Hall, Coppice Row
Theydon Bois, CM16 7ER

**Dankoffers.**
**Vir £10 Text RSAG002 na 70191**
Vir direkte inbetaling:
SA Congregation
HSBC
40-22-05
91374265

PayPal
Scan. Pay. Go.

**Jy kan ook deur Paypal betaal by:**
Paypal.me/SAGemeente
Sit net 'n beskrywing in die nota sodat ons weet waarvoor dit is.
Sê ook vir watter wyk- Loughton
**Stuur asb ook 'n epos na Marlene by bank@sagemeente.com met jou naam en wyk. (Loughton)**

## Kontak Ena



Ena Wassermann
Epos: ena@sagemeente.com
noordwyk@sagemeente.com